

28 Januarie

Lyding herinner ons aan ons komende blydschap

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:7-19

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:13

Die apostel Petrus skryf aan gelowiges wat werklik swaar gely het onder die vervolging van die wêreld. Hy bemoedig hulle om bly te wees oor hierdie lyding, en daar kan net een motivering hiervoor wees: as 'n gelowige ly, het hy/sy gemeenskap aan die lyding van Christus.

Hoe kan 'n mens ooit deel hê aan die onuitspreekbare lyding van Christus? Hierdie gemeenskap aan Christus se lyding beteken nie dat ons ook God se straf moet dra nie; intendeel, ons ly as God se kinders wie se straf klaar gedra is. Ons behoort aan Christus, en daarom haat die wêreld ons net soos hulle ook ons Meester haat. So kry ons dan deel aan die lyding van Christus deurdat ons as sy eiendom in die wêreld vir die geregtigheid moet ly.

Hoe swaarder die lyding egter word, hoe duideliker wink die komende blydschap. Hoe duideliker die komende blydschap afgeëts word teen my lyding, hoe meer groei ek om selfs in my lyding bly te wees. Dink net hoe soet hierdie komende blydschap gaan wees as ons op aarde daarvoor moes ly. Dink net hoe word die wêreld en die ryk van die duisternis beskaam wanneer gelowiges bly is as hulle deel het aan Christus se lyding. Die kerkgeskiedenis getuig ook daarvan!

Daarom is 'n gelowige se lyding nie 'n saak van hartseer nie; ons lyding herinner ons dat ons werklik aan Christus behoort en daarom ook aan sy heerlikheid en blydschap deel sal hê.

Sing: Ps 118:6, (1936)

Ds. Ronald Bain (Potgietersrus-Wes)